# Kersfees begin met die geboorte-aankondiging van twee seuntjies!

**8 Desember 2022**

**Lees: Luk 1:1-38**

**Die Jode het 'n aardse koning verwag**. Hulle het 'n koning verwag wat hulle sou red van die Romeinse juk. Van Genensis 3:15 af, is alreeds geprofeteer dat daar 'n Redder sou kom wat die slang, dit is die Satan, se kop sou vermorsel. Die Jode het dit egter nog nie so duidelik en presies verstaan soos wat ons vandag die voorreg het om te verstaan nie. Verder dwarsdeur die Ou Testament is daar telkemale verwys en geprofeteer van die Messias wat gebore sou word.

Lukas begin ook met die aankondiging van die geboortes maar van twee seuntjies.
Die eerste seuntjie was bloot daar om die geboorte en koms van die tweede seuntjie aan te kondig.

**Die eerste seuntjie was Johannes die Doper**. **Luk 1:5-25**. Sy pa Sagaria was 'n priester en sy ma Elisabet was ook 'n baie opregte en ernstige gelowige. Hulle was getrou aan God en het onberispelik al die gebooie onderhou. Maar hulle was al oud en nog kinderloos alhoewel hulle steeds gebid het vir 'n seuntjie. Tydens sy dienswerk in die tempel verskyn daar 'n engel, Gabriël, aan hom, wat aan hom openbaar dat sy vrou Elisabet sal 'n seuntjie baar en hulle moet hom Johannes noem. Hierdie seuntjie was 'n besondere seun.

Ons lees in **Luk 1:14-17**:

**"14** Hy sal 'n bron van blydskap en vreugde vir jou wees, en baie sal bly wees oor sy geboorte,
**15** want hy sal groot wees in die oë van die Here. Wyn en bier sal hy glad nie drink nie, en reeds van sy geboorte af sal hy met die Heilige Gees vervul wees.
**16** Hy sal baie uit die volk Israel laat terugkeer tot die Here hulle God.
**17** En hy sal voor die Here uitgaan in dieselfde gees en krag as Elia, om vaders en kinders met mekaar te versoen, om ongehoorsames op die regte pad terug te bring en…
**om so vir die koms van die Here, 'n volk voor te berei."**

- **Johannes die Doper was slegs die wegbereider vir Jesus Christus.**

**Die tweede Seuntjie was Jesus Christus.** **Luk 1:26-38** Hier het die engel Gabriël weer verskyn, maar die keer aan Maria, die moeder van ons Here Jesus Christus. Sy was anders as haar tannie Elisabet nog jonk en 'n maagd. Gabriël groet haar op 'n besondere wyse.
**Luk 1:28** Toe die engel by haar kom, sê hy:

**"Ek groet jou, begenadigde! Die Here is by jou."**

Dit was die begin van die vervulling van al die beloftes wat in die Ou Testament oor 'n Verlosser, oor die Messias gemaak is. Dit is die kern, die hoofsaak vir ons as gelowiges van die hele Bybel. Dit was die aankondiging van ons Verlosser se geboorte. Eers nadat Maria swanger geword het, het die engel Gabriël ook aan Josef, Jesus se aardse pa, verskyn en ook die geboorte en die Naam Jesus, aan hom geopenbaar.

So alhoewel daar twee geboorte-aankondings was, was die eerste net daar om die weg voor te berei vir die tweede en om Hom te vereer en die weg vir Sy dienswerk voor te berei. Jesus Christus is die Messias, die Seun van God, waarlik God en waarlik mens. Hy moes gebore word sodat ons die lewe kan hê. Hy het ons met God versoen deur sy kruisdood. Ons vier fees in hierdie tyd van Jesus se geboorte. **Kom ons bid saam**

***Ds Gerrit Kruger: Gereformeerde Kerk Centurion: Sel 082 964 5595: gskruger1@gmail.com***